



ENGLISH TEXT BELOW

HSAG NUUSFLITS OKTOBER 2026.1

26 EN 27 NOVEMBER 2026: VERSOEK AAN DIE REGTER-PRESIDENT VIR 'N SPESIALE VERHOOR

Geagte HSAG-lid

'N BELANGRIKE PRAKTIESE STAP

Die HSAG kan lede vandag inlig oor 'n verdere belangrike praktiese stap in die likwidasieverrigtinge van Orthotouch en Zephan.

Op 1 Oktober 2026 is 'n skrywe aan die Regter-President van die Vrystaatse Afdeling van die Hooggeregshof, Regter-President Musi, gerig met betrekking tot die verdere aanhoor van die twee saamgevoegde sake.

Die skrywe is op 2 Oktober 2026 by die Registrateur van die Hooggeregshof in Bloemfontein ontvang.

Die doel is eenvoudig maar belangrik:

Die party

e versoek dat die sake, wat tans op 26 November 2026 terugkeer Hof toe, as 'n spesiale bestrede verhoor vir twee dae – 26 en 27 November 2026 – toegeken word.

WAAROM TWEE DAE?

Die twee sake handel oor die omskakeling van die besigheidsreddingsverrigtinge van Orthotouch en Zephan na likwidasieverrigtinge ingevolge artikel 132(2)(a)(ii) van die Maatskappywet.

Hierdie is omvangryke, bestrede sake.

Die aansoeke is reeds in November 2025 aangehoor en voorlopige likwidasiebevele is op 7 Mei 2026 toegestaan.

Die oorspronklike keerdatum van 18 Junie 2026 is daarna na 3 September 2026 verleng.

Op 3 September is die voorlopige bevele weer verleng, hierdie keer tot 26 November 2026.

Die hofbevel het juis voorsiening gemaak daarvoor dat die partye die Regter-President kon nader met die oog daarop dat die aangeleenthede as 'n spesiale bestrede verhoor toegeken word.

Die huidige skrywe gee uitvoering aan daardie proses.

DIT IS NIE NOG 'N UITSTELVERSOEK NIE

Hierdie onderskeid is belangrik.

Die skrywe vra nie dat die huidige keerdatum weer vir maande uitgestel word nie.

Inteendeel.

Die versoek is daarop gerig dat voldoende hoftyd op die bestaande datum beskikbaar gestel word sodat die sake behoorlik aangehoor kan word.

Die voorgestelde twee dae is 26 en 27 November 2026.

Dit behoort dus gesien te word as 'n praktiese poging om voldoende tyd vir die bestrede likwidasies beskikbaar te kry en nie as 'n poging om die proses verder weg te skuif nie.

DIE VOORLOPIGE BEVELE BLY IN PLEK

Intussen bly die belangrike regsposisie onveranderd.

Orthotouch en Zephan is steeds onder voorlopige likwidasiebevele.

Die volgende doelwit bly om die Hof te vra om die aangeleenthede finaal te beslis en finale likwidasiebevele te verleen.

Ons moet egter weer beklemtoon dat geen hofuitkoms vooraf gewaarborg kan word nie.

Wat die HSAG wel kan doen, is om alles binne sy vermoë te doen om te verseker dat die saak behoorlik voorberei word en dat voldoende hoftyd aangevra word om die omvangryke geskille behoorlik te laat aanhoor.

'N BELANGRIKE VERSKIL

Die afgelope jaar het HSAG-lede herhaaldelik met uitstelle en prosedurele komplikasies te doen gehad.

Dit is daarom verstaanbaar dat enige verwysing na 'n nuwe hofdatum of verdere hofreëlings onmiddellik kommer kan veroorsaak.

Hier is die posisie egter anders.

26 November bly die kern-datum.

Die versoek is om 27 November by te voeg sodat 'n twee-dag spesiale verhoor beskikbaar kan wees.

Die Regter-President moet uiteraard nog die nodige toewysing maak.

Totdat daardie proses afgehandel is, behoort ons nie vooruit te loop op wie die saak sal aanhoor of presies hoe die hofprogram uiteindelik saamgestel sal word nie.

Maar die belangrike punt is dat die nodige administratiewe stap nou geneem is.

WAAROM DIT VIR LEDE BELANGRIK IS

'n Saak van hierdie omvang kan nie behoorlik binne 'n onvoldoende tydgleuf afgehandel word nie.

Die hof moet die stukke kan oorweeg.

Die partye moet hul argumente behoorlik kan aanbied.

Die uitstaande kwessies moet ordelik behandel word.

En, bowenal, die proses moet so gestruktureer word dat die Hof 'n behoorlike beslissing oor die finale likwidasies kan maak.

Dit is waarom 'n spesiale twee-dag-toewysing belangrik is.

SLOTGEDAGTE

Vir baie jare het die HSAG gewerk om by hierdie stadium uit te kom.

Die voorlopige likwidasiebevele is reeds verkry.

Die volgende keerdatum is vasgestel.

En die nodige versoek vir voldoende hoftyd is nou aan die Regter-President gerig.

Dit is nog nie die eindpunt nie.

Maar dit is 'n noodsaaklike verdere stap om te probeer verseker dat die sake behoorlik voor die Hof kan dien.

26 November 2026 bly dus 'n baie belangrike datum.

En indien die versoek toegestaan word, kan 26 en 27 November saam die volgende belangrike hoofstuk in hierdie lang proses vorm.

Ons sal lede op hoogte hou sodra verdere bevestiging oor die toewysing ontvang word.

Ons sterkte lê steeds in ons eenheid.

HSAG NUUSFLITS OKTOBER 2026.2

NIC GEORGIU SE INSOLVENTE BOEDEL: DIE PROSES BEGIN NOU MOMENTUM KRY

Geagte HSAG-lid

VAN SEKWESTRASIE NA WERKLIKE BOEDELADMINISTRASIE

Die HSAG het oor baie jare herhaaldelik beklemtoon dat die doel nie bloot is om hofsake te voer nie.

Die doel is om uiteindelik by die formele prosesse uit te kom waar skuldeisers se regte prakties uitgeoefen, die boedel behoorlik geadministreer en relevante aangeleenthede verder ondersoek kan word.

Die finale sekwestrasiebevel teen wyle Nic Georgiou is reeds in Februarie 2026 verkry.

Sedertdien het die formele insolvensieproses noodwendig deur verskeie administratiewe fases beweeg.

Nou, ná maande se verloop, begin die proses merkbaar momentum kry.

DIE VOLGENDE FASE WORD REEDS GEREËL

Die eerste vergadering van skuldeisers is afgehandel.

Volgens 'n skrywe van 30 September 2026 staan die voorlopige kurators nou op die punt om as finale kurators aangestel te word sodra die Meester die nodige administratiewe prosesse voltooi en die sertifikate uitgereik het.

Dit is belangrik omdat die proses nie daar eindig nie.

Die kurators en hul regspan is reeds besig om die volgende fase prakties te reël.

Sodra die nodige sertifikaat beskikbaar is, word beoog om die tweede vergadering van skuldeisers te belê. Die huidige mikpunt is November 2026, waarna verdere stappe vir die ondersoekfase beplan word.

Daar word ook reeds gekyk na 'n geskikte perseel waar die verdere verrigtinge ordelik en doeltreffend kan plaasvind.

Dit is die belangrike ontwikkeling:

Die proses word nou aktief georganiseer.

Die volgende stappe word beplan.

En die boedeladministrasie begin momentum kry.

DIE EEN POSITIEWE STAP VOLG OP DIE VOLGENDE

HSAG-lede sal onthou dat 'n belangrike deurbraak reeds bereik is toe die eise van die betrokke gesertifiseerde HS21- en HS22-klasaksielede deur die formele bewysproses geneem is.

Daardie stap het nie in isolasie gestaan nie.

Die sekwestrasie het die weg gebaan vir die eerste vergadering van skuldeisers.

Die eerste vergadering het die weg gebaan vir die bewys van die eise.

Die bewys van die eise plaas die betrokke skuldeisers nou binne die formele insolvensieproses.

En die verwagte finale aanstelling van die kurators maak die volgende fase van die administrasie moontlik.

Só begin 'n lang regsproses uiteindelik stuk vir stuk in 'n werkende insolvensieproses verander.

Die kernboodskap is dus nie bloot dat nóg 'n administratiewe stap geneem is nie.

Die een positiewe stap volg op die volgende.

ORTHOTOUCH EN ZEPHAN: WAAROM FINALITEIT NOU SO BELANGRIK IS

Die ontwikkeling in die Georgiou-boedel wys ook waarom finaliteit in die Orthotouch- en Zephan-likwidاسies so belangrik is.

Albei maatskappye is reeds onder voorlopige likwidاسiebevele.

Die volgende belangrike stap is om die Hof te vra om daardie prosesse tot finaliteit te bring en finale likwidاسiebevele te verleen.

Die belangrikheid van die komende hofverskyning in November kan daarom kwalik oorbeklemtoon word.

Die Georgiou-boedel wys wat kan gebeur wanneer 'n insolvensieproses finaal gevestig is: aangestelde ampsdraers kan die administrasie vorentoe neem, vergaderings belê, die proses struktureer en die nodige verdere statutêre stappe begin organiseer.

Dit is presies die soort beweging waarvoor die HSAG oor baie jare gewerk het.

DANKIE AAN DIE LEDE WAT REEDS HUL SKOUERS AAN DIE WIEL SIT

Die HSAG het onlangs sy spesiale 2026-opvraging aangekondig.

Ons wil erkenning gee aan die lede wat reeds daarop gereageer het.

Waardevolle betalings het stadig maar seker begin inkom.

Dit is bemoedigend.

Ons weet dat verdere finansiële ondersteuning ná soveel jare nie maklik is nie en ons aanvaar geen lid se bydrae as vanselfsprekend nie.

Elke betaling help om die nodige voorbereiding en regsverteenvoording vir die kritieke volgende fase moontlik te maak.

Aan die lede wat reeds betaal het: baie dankie.

Aan diegene wat nog hul bydrae moet maak: hierdie is die stadium waarop ondersteuning die grootste praktiese verskil kan maak.

NOU IS DIT SKOUER AAN DIE WIEL

Die HSAG staan vandag met twee belangrike prosesse wat op verskillende stadiums is.

In die Georgiou-boedel begin die formele insolvensieproses, ná maande se administratiewe verloop, nou duidelik momentum kry.

By Orthotouch en Zephan staan ons voor die volgende belangrike hofstadium om finaliteit in die voorlopige likwidasies te probeer bereik.

Alhoewel geen hofuitkoms ooit vooraf gewaarborg kan word nie, het ons oor baie jare geleer dat volharding, voorbereiding en skouer aan die wiel positiewe resultate kan oplewer.

Die sekwestrasie was 'n resultaat.

Die bewys van die eise was 'n resultaat.

Die verdere organisering van die insolvensieproses is nóg 'n stap vorentoe.

Nou moet ons dieselfde vasberadenheid na die volgende fase neem.

Die kurators organiseer die volgende stap.

Die insolvensieproses beweeg.

Die likwidasies nader 'n kritieke hofdatum.

En die HSAG moet gereed wees.

Nou is dit skouer aan die wiel.

Ons sterkte lê steeds in ons eenheid.

BELANGRIK: GEBRUIK VAN DIE KORREKTE REKENINGNOMMERS EN VERWYSINGS

Rekwisities moet deur lede in die korrekte rekeninge betaal word, met die korrekte verwysingsnommer duidelik aangedui. Die tyd, moeite en administrasie wat dit die HSAG se regspan kos om foutiewe betalings op te spoor en reg te stel, verhoog die koste van die HSAG-saak onnodig.

Rekeningnommers en verwysings word op elke staat aangedui. Ons versoek lede daarom om hul state noukeurig na te gaan wanneer betalings gemaak word.

BELANGRIK: GEBRUIK VAN DIE KORREKTE E-POSADRESSE

Die korrekte gebruik van e-posadres, soos uiteengesit op ons webwerf en in ons korrespondensie, asook die vermelding van HSAG-lede se voorletters en vanne, sindikasiennommers en toepaslike verwysingsnommers, soos identiteitsnommers, is vir alle kommunikasie noodsaaklik.

Versuim om die korrekte besonderhede te gebruik, kan tot onnodige vertraging lei en kan veroorsaak dat 'n navraag nie betyds of behoorlik hanteer word nie.

Die amptelike en huidige e-posadres vir die HSAG is:

- hsactiongroup@gmail.com - vir alle algemene navrae, byvoorbeeld verandering van kontakbesonderhede, bewys van betalings, afsterwe van 'n lid, betalings wat verkeerdlik aan die HSAG gemaak is en verkeerde verwysings;
- hsagenquiries@gmail.com - vir spesifieke navrae, byvoorbeeld versoeke om inligting of state rakende 'n spesifieke lid, asook vrystellingsnavrae;
- hsagregister@gmail.com - vir registrasie en deregistrasie van HSAG-lede;
- hsagwhistle@gmail.com - vir alle vertroulike inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word; en
- hsagestates@gmail.com - vir alle boedelverwante navrae.

Die amptelike en huidige e-posadres vir CCAF, die HS21- en HS22-gesertifiseerde klasaksie, is:

- accounts@ccaf.co.za - vir bewys van betalings en verkeerde verwysings op bewys van betalings;
- admin@ccaf.co.za - vir die amptelike versoekvorm om registrasiefooie oor ses maande te betaal en vir betalings wat verkeerdlik aan CCAF gemaak is; en
- enquiries@ccaf.co.za - vir alle ander CCAF-vrae en navrae.

Indien 'n belegger of enige ander persoon 'n e-pos na die verkeerde adres stuur, kan dit daartoe lei dat die e-pos nie die nodige of spoedige aandag ontvang nie.

Indien u nie verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons asseblief skriftelik daarvan in kennis.

BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat is, is beskikbaar op die HSAG se webwerf by www.hsaction.co.za.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com

AFRIKAANS ABOVE

HSAG NEWSFLASH OCTOBER 2026.1

26 AND 27 NOVEMBER 2026: REQUEST TO THE JUDGE PRESIDENT FOR A SPECIAL HEARING

Dear HSAG Member

AN IMPORTANT PRACTICAL STEP

The HSAG can today inform members of a further important practical step in the liquidation proceedings involving Orthotouch and Zephan.

On 1 October 2026, correspondence was addressed to the Judge President of the Free State Division of the High Court, Judge President Musi, concerning the further hearing of the two combined matters.

The letter was received by the Registrar of the High Court in Bloemfontein on 2 October 2026.

The purpose is simple but important:

The parties have requested that the matters, which are presently due to return to Court on 26 November 2026, be allocated as a special opposed hearing for two days - 26 and 27 November 2026.

WHY TWO DAYS?

The two matters concern the conversion of the business rescue proceedings of Orthotouch and Zephan into liquidation proceedings in terms of section 132(2)(a)(ii) of the Companies Act.

These are extensive and opposed matters.

The applications were heard in November 2025 and provisional liquidation orders were granted on 7 May 2026.

The initial return date of 18 June 2026 was thereafter extended to 3 September 2026.

On 3 September, the provisional orders were again extended, this time to 26 November 2026.

The Court order expressly contemplated that the parties could approach the Judge President with a view to having the matters allocated as a special opposed hearing.

The present letter gives effect to that process.

THIS IS NOT ANOTHER REQUEST FOR A LENGTHY POSTPONEMENT

This distinction is important.

The letter does not seek to postpone the existing return date for another period of months.

Quite the opposite.

The request is aimed at ensuring that sufficient court time is made available on the existing date so that the matters can be properly heard.

The proposed two hearing days are 26 and 27 November 2026.

It should therefore be understood as a practical attempt to secure sufficient time for the opposed liquidation proceedings, rather than an attempt to move the process further into the future.

THE PROVISIONAL ORDERS REMAIN IN PLACE

In the meantime, the important legal position remains unchanged.

Orthotouch and Zephan remain subject to provisional liquidation orders.

The next objective remains to ask the Court to finally determine the matters and grant final liquidation orders.

We must, however, again emphasise that no court outcome can be guaranteed in advance.

What the HSAG can do is everything within its power to ensure that the matter is properly prepared and that sufficient court time is requested for these extensive disputes to be fully heard.

AN IMPORTANT DISTINCTION

During the past year, HSAG members have repeatedly had to deal with postponements and procedural complications.

It is therefore understandable that any reference to a further court date or additional court arrangements may immediately cause concern.

The position here is different

26 November remains the central date.

The request is to add 27 November so that a two-day special hearing can be made available.

The Judge President must, of course, still make the necessary allocation.

Until that process has been finalised, we should not speculate as to who will ultimately hear the matter or exactly how the court programme will be arranged.

The important point is that the necessary administrative step has now been taken.

WHY THIS MATTERS TO MEMBERS

A matter of this magnitude cannot properly be dealt with in an inadequate time allocation.

The Court must have the opportunity to consider the papers.

The parties must be able to present their arguments properly.

Outstanding issues must be dealt with in an orderly manner.

And, most importantly, the process must be structured in a way that enables the Court to make a proper determination regarding the final liquidations.

That is why a special two-day allocation is important.

CLOSING THOUGHTS

For many years, the HSAG has worked to reach this stage.

The provisional liquidation orders have already been obtained.

The next return date has been fixed

And the necessary request for sufficient court time has now been addressed to the Judge President.

This is not yet the end point.

But it is a necessary further step in seeking to ensure that the matters can properly come before the Court.

26 November 2026 therefore remains a very important date.

And, if the request is granted, 26 and 27 November together may form the next important chapter in this lengthy process.

We will keep members informed as soon as further confirmation regarding the allocation is received.

Our strength remains in our unity.

HSAG NEWSFLASH OCTOBER 2026.2**NIC GEORGIU'S INSOLVENT ESTATE: THE PROCESS IS NOW GAINING MOMENTUM**

Dear HSAG Member

FROM SEQUESTRATION TO PRACTICAL ESTATE ADMINISTRATION

For many years, the HSAG has repeatedly emphasised that the objective is not merely to conduct court proceedings.

The objective is ultimately to reach the formal processes in which creditors' rights can be exercised in practice, the estate can be properly administered and relevant matters can be investigated further.

The final sequestration order against the late Nic Georgiou was already granted in February 2026.

Since then, the formal insolvency process has necessarily moved through various administrative stages.

Now, after months of progress through those stages, the process is beginning to gain noticeable momentum.

THE NEXT PHASE IS ALREADY BEING ORGANISED

The first meeting of creditors has been completed.

According to a letter dated 30 September 2026, the provisional trustees are now expected to be appointed as final trustees once the Master has completed the necessary administrative processes and issued the relevant certificates.

This is important because the process does not end there.

The trustees and their legal team are already making practical arrangements for the next phase.

Once the necessary certificate is available, it is intended that the second meeting of creditors be convened. The present target is November 2026, after which further steps relating to the investigative phase are to be planned.

Consideration is also already being given to a suitable venue where the further proceedings can take place in an orderly and efficient manner.

This is the important development:

The process is now being actively organised

The next steps are being planned.

And the administration of the estate is gaining momentum.

ONE POSITIVE STEP FOLLOWS ANOTHER

HSAG members will remember that an important breakthrough was already achieved when the claims of the relevant certified HS21 and HS22 class members were taken through the formal proof process.

That step did not stand in isolation.

The sequestration paved the way for the first meeting of creditors.

The first meeting paved the way for the proof of claims.

The proof of claims places the relevant creditors within the formal insolvency process.

And the anticipated final appointment of the trustees enables the next phase of the administration to proceed.

This is how a lengthy legal process begins, step by step, to develop into a functioning insolvency process.

The central message is therefore not merely that another administrative step has been taken.

One positive step is following another.

ORTHOTOUCH AND ZEPHAN: WHY FINALITY IS NOW SO IMPORTANT

The development in the Georgiou estate also demonstrates why finality in the Orthotouch and Zephani liquidations is so important.

Both companies are already subject to provisional liquidation orders.

The next important step is to ask the Court to bring those proceedings to finality and grant final liquidation orders.

The importance of the forthcoming court appearance in November can therefore hardly be overstated.

The Georgiou estate demonstrates what can happen once an insolvency process is finally established: appointed office-bearers can advance the administration, convene meetings, structure the process and begin organising the necessary further statutory steps.

That is precisely the kind of movement for which the HSAG has worked over many years.

THANK YOU TO THE MEMBERS WHO HAVE ALREADY PUT THEIR SHOULDERS TO THE WHEEL

The HSAG recently announced its special 2026 levy.

We wish to acknowledge those members who have already responded.

Valuable payments have slowly but steadily begun to come in.

That is encouraging.

We know that providing further financial support after so many years is not easy and we do not take any member's contribution for granted.

Every payment helps make the necessary preparation and legal representation for the critical next phase possible.

To those members who have already paid: thank you very much.

To those who still need to make their contribution: this is the stage at which support can make the greatest practical difference.

NOW IT IS TIME TO PUT OUR SHOULDERS TO THE WHEEL

The HSAG presently stands with two important processes at different stages.

In the Georgiou estate, the formal insolvency process is now, after months of administrative progress, clearly beginning to gain momentum.

In relation to Orthotouch and Zephan, we are approaching the next important court stage in seeking finality of the provisional liquidations.

Although no court outcome can ever be guaranteed in advance, we have learned over many years that perseverance, preparation and putting our shoulders to the wheel can produce positive results.

The sequestration was a result.

The proof of the claims was a result.

The further organisation of the insolvency process is another step forward.

We must now take that same determination into the next phase.

The trustees are organising the next step.

The insolvency process is moving.

The liquidations are approaching a critical court date.

And the HSAG must be ready.

Now it is time to put our shoulders to the wheel.

Our strength remains in our unity.

IMPORTANT: USE THE CORRECT ACCOUNT NUMBERS AND REFERENCES

Levies must be paid by members into the correct accounts, with the correct reference number clearly indicated. The time, effort and administration required by the HSAG's legal team to trace and rectify incorrectly allocated payments unnecessarily increase the cost of the HSAG matter.

Account numbers and references appear on every statement. We therefore request members to check their statements carefully when making payments.

IMPORTANT: USE THE CORRECT EMAIL ADDRESSES

The correct use of email addresses, as set out on our website and in our correspondence, as well as the inclusion of HSAG members' initials and surnames, syndication numbers, and applicable reference numbers, such as identity numbers, is essential for all communications.

Failure to use the correct details may result in unnecessary delays and may cause an enquiry not to receive prompt or proper attention.

The official and current email addresses for the HSAG are:

- hsactiongroup@gmail.com - for all general enquiries, for example changes to contact details, proof of payments, the death of a member, payments incorrectly made to the HSAG, and incorrect references;
- hsagenquiries@gmail.com - for specific enquiries, for example requests for information or statements relating to a specific member, as well as exemption enquiries;
- hsagregister@gmail.com - for the registration and deregistration of HSAG members;
- hsagwhistle@gmail.com - for all confidential information that you wish to submit anonymously; and
- hsagestates@gmail.com - for all estate-related enquiries.

The official and current email addresses for CCAF, the HS21 and HS22 Certified Class Action, are:

- accounts@ccaf.co.za - for proof of payments and incorrect references on proof of payments;

- admin@ccaf.co.za - for the official request form to pay registration fees over six months and for payments incorrectly made to CCAF; and
- enquiries@ccaf.co.za - for all other CCAF questions and enquiries.

If an investor or any other person sends an email to the incorrect address, this may result in the email not receiving the necessary or prompt attention.

If you no longer wish to receive further emails, please notify us in writing.

IMPORTANT GENERAL TERMS AND CONDITIONS

The general and recurring terms, conditions, and other general information previously contained in the Newsletter are available on the HSAG website at www.hsaction.co.za.

Kind regards

HSAG Management Committee

Contact the HSAG and attorneys at:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com